Beste Kollega

Daar is twee sake vir moontlike betrokkenheid wat ek graag onder jou aandag wil bring:

1. Die inskakeling by ’n ekumeniese netwerk in jou gemeenskap

Indien jy dit nog nie gedoen het nie, sal dit wonderlik wees as jy by die ekumeniese geloofsgemeenskap in jou omgewing kan inskakel. Dit kan baie vir jou gemeenskap beteken. Miskien is daar nog nie ’n struktuur in jou omgewing nie. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) help in hierdie geval met ’n konsep. Dié struktuur word ’n LEAN (Local Ecumenical Action Network) genoem. KLIK HIER ’n dokument wat die werking van so ’n struktuur verduidelik. Die VBO-forum het ’n gratis aanlyn kursus ontwikkel van hoe ’n LEAN werk en georganiseer word. Die kursus word deur prof Erwin Schwella van Hugenote Kollege aangebied. Vir meer inligting besoek https://www.youtube.com/watch?v=hkswGJgO0jQ of rig navrae aan bleibbrandt@sun.ac.za

Die belangrikste aspek van ’n LEAN is dat NRO’s en die regering dit as ’n geloofwaardige platform erken waardeur hulp verleen kan word, hetsy deur voedselpakkies of koopbewyse. Dit moet egter deur die SARK aangebied word as ’n geloofwaardige hulpplatform. Indien jou gemeente met ander kerke in jou omgewing wil skakel en jy het nie die kontakbesonderhede nie, kan jy gerus met my skakel. KLIK HIER vir ’n lys met inligting van ons nasionale KMDR-netwerk. Dit is ’n kragtige netwerk met groot kundigheid wat deur enige LEAN of jou netwerk benut kan word, onder meer as fidusiêre punt vir die ontvang van donasies waarvoor daar selfs Artikel 18-sertifikate uitgereik kan word, of om assessering te doen en brandpunte van nood te help uitwys. Indien jy onseker is oor die KMDR-netwerkpunt in jou omgewing, skakel met die uitvoerende beampte van die organisasie.

Dit is belangrik dat ’n lys van selfoonnommers beskikbaar sal wees van die persone aan wie jou gemeente of netwerk hulp verleen het. Dit sal vertroulik gehanteer word, maar is uiters belangrik vir die moontlike hulpverlening deur byvoorbeeld die elektroniese aanstuur van ’n koopbewys. Ek onderneem om die inligting van jou LEAN, NETWERK of PLATFORM aan die SARK deur te gee. Om behulpsaam te kan wees, stuur asseblief die volgende inligting van die hulpaksie waarby jy betrokke is aan Ester Steyn by esters@ngkerk.org.za: naam van verantwoordelike persone, kontakbesonderhede, adres en landdrosdistrik van perseel en aan wie hulp verleen word, soos haweloses of bejaardes. Indien jy ook vir ons in nie meer as 200 woorde nie kan skryf waarmee julle besig is, sal ons dit so waardeer. Plaas hierdie terugvoering onder die opskrif LEAN/NETWERK/PLATFORM.

2. Beskikbaarstelling van fasiliteite

Daar bestaan steeds ’n groot behoefte aan fasiliteite vir verskillende doeleindes. Sommige gemeentes het reeds gereageer en hulle fasiliteite aangebied. Dankie daarvoor. Fasiliteite word benodig vir die volgende doeleindes: klinieke waar mense vir die virus getoets kan word, veilige ruimtes vir slagoffers van gesinsgeweld, persone wat nie siek genoeg is om in hospitale opgeneem te word nie of wat in isolasie moet gaan en skuilings vir hawelose mense.

Gemeentes kan self besluit waarvoor hulle hulle fasiliteite wil aanbied. Die besonderhede sal deurgegee word aan die Departement van Gesondheid, wat dan met die gemeente sal skakel. Hulle sal voorsiening maak vir die personeel, voedsel, beddens, sekuriteit, en so meer. Die gemeente bied slegs die fasiliteit aan. Voorwaardes wat onderhandel is, is dat enige skade herstel sal word en dat die fasiliteite onmiddellik beskikbaar gestel sal word vir kerklike aktiwiteite wanneer die grendeltyd verby is. Indien jou gemeente se fasiliteite beskikbaar is, stuur asseblief die volgende besonderhede deur aan Ester Steyn: kontakbesonderhede van verantwoordelike persoon, adres en landdrosdistrik

van fasiliteit en die aard van die fasiliteit, soos saal of kategeselokale. Plaas die terugvoering onder die opskrif FASILITEITE.

Dankie vir jou samewerking en spoedige terugvoering met die nodige inligting. Vra gerus indien jy nog inligting nodig het.

Saam in Sy diens.
Gustav